

Voeding van Suiwel Koeie gedurende Winter Maande

(Geskryf deur: Steyn Pretorius, Dierevoedingskundige, Wesfed voere) April 2016

Die variasie van 'n suiwel koei se nutriënt behoeftes verskil taamlik tussen die somer en winter. Winter het ander tipe uitdagings wat, as dit reg bestuur word, minder verliese sal meebring.

Nutriënt behoeftes

Een van die belangrikste faktore wat 'n effek sal hê op die melk produksie, samestelling en algemene gesondheid en kondisie van die koei, is die nutriënt balans wat aan die koei verskaf word tydens winter. Tydens die winter verhoog die nutriënt behoefte van die koei om liggaams temperatuur en metabolisme te handhaaf. Die voeding van verskillende tipe energie bronne soos stysels in plaas van vette kan help met die verandering van inname wat waargeneem word tydens winter maande.

Daar moet in ag geneem word dat die voer omset vermoë verswak en dat koeie meer voer benodig om liggaamskondisie en produksie te handhaaf. Om hiedie probleem op te los kan die gebruik van meer verteerbare vesel bronne soos lusern gebruik word om die rantsoen digtheid te verlaag maar die droë materiaal waarde te verhoog. Daar moet seker gemaak word dat die nutriënt samestelling gebalanseerd bly volgens die koei se produksie stadium.

Voer Komponente

Maak seker dat daar genoeg ruvoer beskikbaar is om die kudde deur die winter te dra. Afhangend van die area en of dit 'n winter

reënval of somer reënval streek is sal bepaal of daar weiding beskikbaar sal wees deur die winter. 'n Paar ruvoer opsies kan as volg benut word deur die winter.

Hooie

'n Goeie kwaliteit hooi kan 'n groot verskil maak deur verteerbare vesel aan die dier te verskaf en so ook te kan help met melk komponente soos bottervette en melk proteïen. Lusern bly die beste opsie as daar na hooi gekyk word, dit is 'n goeie verteerbare vesel en proteïen bron vir ruminante diere. Die beskikbaarheid van lusern varieër aansienlik deur die jaar en raak 'n probleem tydens die winter. Hawer, Medic en gras hooi kan ook dien as goeie bronne van ruvoer in 'n TGR rantsoen. Alhoewel, die laaste drie 'n laer proteïen inhoud het as lusern, kan dit maklik aangepas word deur ander proteïen bronne te voer om die rantsoen te balanseer.

Kuilvoer

Kuilvoer is 'n baie algemene bron van ruvoer onder suiwel boere wat TGR stelsels voer. Hoofsaaklik omdat TGR boere normaalweg in die saai gebeide van die land gevestig is. Een van die belangrikste aspekte van kuilvoer is wanneer die gewas gestroop word. Soos 'n plant groei bou dit struktuur op om die plant te stut, deur die proses verander die verhoudings tussen verteerbare vesel en onverteerbare vesel. Die persentasie onverteerbare vesel styg soos die plant verouder, wat die beskikbaarheid van die kuilvoer tot die dier sal verlaag. As die plant te vroeg geoes word sal daar te min deeg

vorming in die saad omhulsel plaasvind wat die energie beskikbaarheid van die kuilvoer sal verlaag en so ook die kwaliteit. Dus is dit belangrik om die gewas te monitor en op die regte tyd te oes om die beste kuilvoer moontlik te maak.

Daar moet in ag geneem word dat wanneer kuilvoer in die winter reënval areas gebruik word, die insluiting van water aangepas word. Vog verliese is minder in hierdie areas tydens die winter, so dit raak belangrik om die droë materiaal inname konstant te hou, veral na reën.

Aanvullende voeding

Die tiepe aanvulling wat die boer benodig op die plaas hang hoofsaaklik af van die rou materiale wat die boer beskikbaar het of tot wat die boer in staat is om self te meng.

Sekere boere het ruvoer en energie bronne beskikbaar maar kort 'n proteïen en mineraal aanvulling. 'n Voedingskundige formuleer dan 'n gebalanseerde rantsoen met wat die boer beskikbaar het en wat hy moet aankoop. Hierdie opsie werk normaalweg goedkoper uit omdat die grootste persentasie van die boer se rantsoen teen kosprys beskikbaar is op die plaas. 'n Hoë proteïen konsentraat (HPK) kan vir hierdie doeleindes gebruik word.

Kragvoer word normaalweg gebruik waneer die boer ruvoer in die vorm van kuilvoer of hooi beskikbaar het maar 'n aanvulling van proteïen, energie en minerale kort. Hierdie produkte word geformuleer deur veevoer maatskappye en kan volgens individuele kliënte aangepas word om aan die behoeftes op die plaas te voldoen.

Tydens die winter kan 'n groter hoeveelheid vette vervang word met grane, daar moet net

seker gemaak word dat die stysel en NFC % nie bo onveilige vlakke raak nie. Dit kan lei tot metaboliese steurnisse soos suurpens. Die rede vir die verskuiwing is dat die hitte inkrement van die rantsoen sal verhoog en meer energie beskikbaar stel aan hitte produksie om termoreguleering te verbeter. Dit is uiters belangrik om met 'n kundige te werk voordat sulke vernaderings gemaak word.

Koei kondisie

Koeie moet reg voorberei word vir die winter. Omdat voer omset verswak met kouer weer is dit belangrik om 'n koei op kondisie te kry voordat die winter aanbreek. Pas die voer aan om 'n effense hoër energie inhoud te bereik, dit kan verkry word deur grane of vette te verhoog. Koeie wat in 'n beter kondisie is sal kouer dae beter hanteer as onder-kondisie koeie.


Wenke vir wintervoeding

- Rantsoene met 'n hoë vog inhoud moet aangepas word in areas waar temperature onder vries punt daal. Gevriesde voer verlaag innames en verhoog energie verbruik vir vertering. As dit gebeur, moet meer keer per dag gevoer word om te verseker dat voer nie te lank in die bakke lê nie.
- Verhoog ruvoer vlakke in rantsoen om rumen fermentasie en hitte inkrement van voer te verhoog.
- Voer meer keer per dag om innames konstant te hou en om muf in voer bakke te voorkom.
- Maak seker dat voerbakke skoon en droog is voor elke voeding (veral in winter reënval streke).
- Maak seker dat waterbakke nie gevries is nie. Die koei moet altyd water beskikbaar hê

- Kyk of daar genoeg ruvoer beskikbaar is om die kudde deur die winter te neem. As daar 'n tekort gaan wees, maak die nodige besluite rondom aankope eerder vroeër as later.
- Werk saam met 'n voedingskundige om veranderings in die rantsoen en voedingspraktyke te maak.

Slot

Dit is 'n algemene denkwysie dat produksie en kondisie van diere daal tydens die winter maar

met die regte praktyke en bestuur kan dit drasties verminder word of selfs gekant word. 



Email: steyn@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 444 2062

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310